VOORWOORD

Hierdie gebedsplan is gebaseer op die gebruik van die Woord en is gebore in die hart van past. Ronnie Barnard deur die Heilige Gees. Die krag van hierdie gebedsplan lê in die gebruik van die Skrif in bykans elke sin. Sou u hierdie boekie deurbid, dan sal u net meer as 500 skrifte aanhaal. Volgens ***Ps. 103:20*** sal u dan vyfhonderd maal aan die Woord 'n **"STEM"** gee. Gevolglik kry die kragtige engele genoem in hierdie Psalm, die opdrag en die reg om op te tree in gehoorsaamheid aan die stem van God se Woord. Die leser word dus aangeraai om die skrifte hierin aangehaal, te memoriseer om sodoende die gebedsplan optimaal te benut. Hierdie gebedsplan is nie saamgeflanste woorde nie, maar geïnspireer deur die Heilige Gees. Dit neem die bidder op 'n pad van lofprysing, selfvernedering en wapenrusting van God ***(Efes. 6:10-17)*** aan te trek en te gebruik in die gees van ***2 Kor. 10: 4-6***. Hierdie boekie word dan bidden aangebied, wetende dat elkeen wat dit getrou beoefen die seën van God noodwendig sal ervaar, want God is wakker oor sy Woord om dit te volbring ***(Jer. 1:12)***.

Past. Org Lottering

INHOUD

1. LOFPRYSING

2. SELVERNEDERING

3. HEILIGMAKING – Liggaam

4. HEILIGMAKING – Siel

5. HEILIGMAKING – Gees

6. SKEPPINGSDOEL

7. ONSE VADER

8. WAPENRUSTING

9. GEESTELIKE OORLOGVOERING

10. OORLOGVOERING

PROKLAMASIES

1. LOFPRYSING

Vader,in Jesus naam, prys ons en loof U vir U groot liefde en barmhartigheid en die genade wat elke môre weer nuut is *(Klaagliedere 3:23)*.
Ons gaan U poorte in met lofprysing en danksegging *(Ps.100:4)*.

Want U alleen, onse God, is werd om geëer te word *(Open.5:9)*, geloof, aanbid en geprys te word *(Open. 4:11)*.
Vader, Seun en Heilige Gees, ons wil uitroep saam met die serafs: Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige wat was, wat is en wat kom tot in alle ewigheid *(Open. 4:8, Jes. 6:3)*.

Here, U sit op 'n hoë en verhewe troon *(Jes. 6:1)* en Jesus Christus, die Lam van God, sit aan die regterhand van die Vader waar Hy nou vir ons intree *(Rom. 8:34)*.

Ons prys u, Jesus Christus, U is die hoëpriester van ons belydenis *(Hebr. 3:1)*.
Ons gaan U poorte in met lofprysing, aanbidding en sê dat alles wat asem het, moet die Here loof en prys *(Ps. 150:6)*.

Ons siele en alles wat binne ons is loof die Here en vergeet geen een van sy weldade nie *(Ps. 103:2)*.
Ons sal ons hande klap tot eer van die Here *(Ps. 47:2)*.
Ons sal ons hande ophef tot eer van onse God *(Ps. 134:2)*.

Here, U alleen is die gewer van alle goeie gawes *(Jak. 1:17).*
Onse God moet verhef word *(Eks. 15:2)*.
Ons moet minder word, U moet meer word *(Joh. 3:30)*.
Ons wil saam met Dawid uitroep: "Loof die Here, want Hy is goed, want sy goedertierenheid is tot in alle ewigheid"
(Ps. 100:5).

In blydskap en in danksegging sal ons die Here prys *(Ps. 100:2).*
Ons sal nie swyg nie, want U het gesê as ons swyg sal die klippe uitroep *(Luk. 19:40)*, maar ons sal ons stemme verhef en hardop sal ons die Here loof *(Ps. 109:30)*.

Ons wil verklaar dat U alleen is werd om geëer en geprys te word *(Open. 4:11).*
Ons prys onse God, dat U 'n hoorder en antwoorder van gebed is *(Jes. 65:24)*.
Ons prys en loof U dat U wakker is oor U Woord om dit in vervulling te bring *(Jer. 1:12).*

Ons prys U dat U vir ons U woord gegee het. U woord wat kragtig werk in ons binneste *(1 Thess. 2:13)*, die hemel en die aarde sal verbygaan, maar U woord sal nooit verbygaan nie *(Matt. 5:18).*

Ons prys U vir U magtige engele, want hulle is kragtige helde om U woord in vervulling te bring *(Ps. 103:20)*.
As U aan ons kant is wie kan ooit teen ons wees? *(Rom. 8:31)*.

Ons is so bewus dat U met ons is, want U sê as ons tot U nader dan nader U ook tot ons *(Jak. 4:8)*.
Ons ervaar Here, dat U gesê het dat hy wat na U toe kom sal U nooit uitwerp nie *(Joh. 6:37)*.

Dankie dat U gesê het dat elkeen wat die Naam van die Here aanroep gered sal word *(Hand. 2:21)*.
Ons prys U dat U gesê het: "'n geknakte riet sal U nie verbreek nie en 'n rokende lamppit sal U nie uitblus nie", maar U sal herstel *(Matt. 12:20)*.

Ons loof U dat U nie net 'n God is van net een kans nie, maar dat U 'n God is van nog 'n kans. Here, as ons na U kom dan sal U ons nog 'n kans gee *(Matt. 18:22)*.
U rig ons op *(Luk. 15:20)*.

Ek wil die Here altyd loof. Sy lof sal altyddeur in my mond wees *(Ps. 34:2)*.
Laat ons gedurig deur Hom aan God lof bring. Dit is die vrug van ons lippe *(Hebr. 13:14)*.

Laat ons sy aangesig tegemoet gaan met lof, met lofgesange Hom toejuig *(Ps. 95:2)*.

---

2. SELVERNEDERING

Vader, ons wil onsself voor U kom **verneder**, want U leer vir ons, as ons ons verneder sal U ons op die regte tyd verhoog ***(1 Pet. 1:5).***

U Woord verklaar dat U weerstaan die hoogmoediges, maar U gee groter genade aan die nederiges. Daarom bid ons soos die tollenaar gebid het, want U sê hy het regverdig huis toe gegaan en uitgeroep, "O God, wees my, arme sondaar genadig." Ons vra vir genade ***(Luk. 18:13).***

Ons maak soos die verlore seun gedoen het toe hy terugkom ***(Luk. 15:18)***.
Here, opnuut wil ons terugkom na U toe, want by U is daar oorvloed ***(Luk. 15:17)***.
By U is daar lewe, by U is daar oorwinning, by U is daar voorsiening, by U is daar beskutting ***(Ps. 91:1)***.

Ons kom en sê: "O God, ons weet ons is dit nie werd nie, ons is nie waardig om U kinders genoem te word nie, maar ons smeek U, maak U ons soos een van U diensknegte" ***(Luk. 15:19)***.

"Maak U ons dit wat U wil hê ons moet wees" ***(Jer. 18:6).***
Ons wil soos U seuns en dogters kom met 'n dienskneggesindheid en ons kies om U te dien ***(Luk. 15:19).***
Ons kies om onsself aan te meld om te sê: "Here, hier is ons, kom gebruik ons" ***(Jes. 6:8).***

Verder kom verneder ons ons Here, en ons kom
soos Mefiboset toe hy voor Dawid ingebring is, hy gevrees en neergeval het en Dawid toe sê: "Moenie vrees nie, ek wil jou die guns van die Here bewys" *(2 Sam. 9:7).*

En hy sê: "Wie is 'n dooie hond soos ek dat U guns aan my wil bewys?" en Dawid sê: ... "dis ter wille van Jonatan"…
(2 Sam. 9:7&8), en ons weet onse God, dit is ter wille van Jesus Christus.

Ter wille van die bloedverbond wat Jesus namens ons gesluit het *(Matt. 26:28, Heb. 8:6)*.
Dit is op grond daarvan dat U aan ons guns kan bewys. Dat ons kan verklaar ons is die gunsgenote van die lewende God *(Job 42:9).*

Ons verbly ons daarin en op grond daarvan kan ons soos een van die koning se kinders aan die koning se tafel sit, net ter wille van diebloedverbond *(2 Sam. 9:7, Ps. 23:5).*

Verder wil ons onsself kom neerbuig in ootmoed en in nederigheid en ons kom soos die Kananietiese vrou toe sy agter U aangeroep het en U vir haar gesê het: "Dit is nie mooi om die brood van die kinders vir die hondjies te gooi nie"... maar sy het gekies om haarself te verneder. *(Matt. 15:26)*.

Ons wil onsself voor 'n Almagtige, hoë en verhewe God kom verneder *(Matt. 15:26&27, Mark. 7:29)*.
Ons wil ook sê soos sy gesê het: "Here, maar die hondjies eet darem van die krummels wat van hul base se tafels afval" *(Matt. 15:27)*.

U het vir haar gesê: "O vrou, groot is jou geloof, laat dit vir jou wees soos jy wil hê" *(Matt. 15:28)*.
Here, ons wil ook hoor dat U dit oor ons spreek. "Laat dit vir jou wees soos jy wil hê," want ons wil hê dat U koninkryk moet uitgebou word *(Matt.6:10)*, siele moet gered word *(1 Tim. 2:4)*.

Ons wil hê dat U gees moet uitgestort word *(Joël 2:28)*, ons wil hê dat U ons opnuut sal salf met U Heilige Gees *(Hand 10:44)*. Daarom verneder ons ons.

U nooi ons want U sê: "Kom laat ons die saak uitmaak. Al was julle sonde soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu, al was dit rooi soos purper, dit sal wit word soos wol" *(Jes. 1:18)*.

Dankie dat U vir ons sê: "as ons ons sonde bely, U is getrou en regverdig om die sonde te vergewe en ons te reinig van alle ongeregtigheid" *(1 Joh. 1:7-9)*.

Here, U verklaar verder in U Woord, as ons sê
ons het geen sonde nie, mislei ons onsself en die
waarheid is nie in ons nie *(1 Joh. 1:8)*.

Ons erken ons is swak mense, ons glo wat U woord deur Paulus sê: ..."in my vlees woon daar niks goed nie, as ek die goeie wil doen staan die kwade my by." Hy roep uit: ..."ek, ellendige mens, wie sal my verlos van die liggaam van die dood" *(Rom. 7:18 - 24).*

Deur Jesus Christus is daar oorwinning, is daar verlossing *(Rom. 8:2).*
U woord sê: "My kinders, Ek wil nie hê dat julle moet sondig nie", maar as iemand gesondig het, ons het 'n voorspraak by onse Vader, Jesus Christus, wat 'n versoening vir ons sondes is *(1 Joh. 2:1)*.

Nie net vir ons s'n nie, maar vir die hele wêreld *(1 Joh. 2:2)*.
Ons bid ons mense wat 'n val-enopstaan- lewe lei, dat U hulle sal uitred, want U sê: ... "hy wat oorwin sal Ek gee om te eet van die verborge manna"... *(Open. 2:17)*.

Ons sal die hemelse heerlikheid ervaar as ons net kan oorwin *(Open. 2:7)*, dat ons nie in sonde langer lewe nie, want ons weet die loon van die sonde is die dood *(Rom. 6:23)* en sonde belas ons.

Ons kan nie hierdie wedloop hardloop in volle oorwinning tensy ons hierdie laste afskud en die sonde wat ons so maklik omring nie *(Hebr. 12:1)*.

Ons wil hierdie wedloop doelgerig hardloop, ons wil klaar kry met sonde *(Hebr. 12:2)*, maar ons smeek om vergifnis waar ons geval het, waar ons gestruikel het wil ons bid, vergewe ons ter wille van Jesus Christus *(Judas 1:24)*.

Dankie dat U sê as U vergewe dink U nooit weer daaraan nie, as U vergewe werp U dit so ver as die ooste van die weste af *(Ps. 103:12)*.
U Woord verklaar U werp dit in die diepte van die see *(Miga 7:9)*.

Dankie dat die bloed van Jesus nie net ons sonde bedek nie, maar wis ons sonde uit en ons is asof ons nog nooit gesondig het nie *(Hebr. 10:17, Jer. 31:34)*.

Jesus Christus het ons skuld betaal aan die kruishout *(Kol 2.14)*, deur sy bloed is dit uitgewis. Ons eer U vir vergifnis. Ons weet U is 'n heilige God, daarom wil ons onsself ook heilig (*1 Joh. 1:7)*.

---

3. HEILIGMAKING – Liggaam

U woord sê wees heilig, want U is heilig *(1 Pet. 1:16)*.
Ons bid vir 'n gees van heiligheid, dat dit deel van ons lewe sal wees *(1 Pet. 1:22)*.
Dankie dat U woord verklaar as die bloed van bokke en stiere die verontreinigdes geheilig het, hoeveel te meer sal die bloed van Jesus Christus ons nie reinig en heilig nie *(Heb. 9:13 & 14)*.

U verklaar die **bloed van Jesus reinig** ons van alle sondes daarom wil ons die bloed aanwend *(1 Joh. 1:7)*.
Ons begin by ons **hande** *(Jak. 4:8)* Heilig ons hande *(1 Tim. 2:8).*
Here, was ons hande in die kosbare bloed van Jesus.

U woord verklaar - wie mag kom op die berg van die Here? Die wie rein van **hande** en suiwer van hart is *(Ps. 24:4).*

Laat ons hande gereinig sal wees deur die bloed van Jesus, sodat U ons hande kan salf dat die krag van die Heilige Gees in ons kan kom *(Hand. 2:43)*, want U het gesê U sal die werk van ons **hande** seën *(Job 1:10)* en dat alles wat ons ons **hande** op slaan, sal U seën *(Deut. 28:8).*

Net omdat die bloed van Jesus ons hande gereinig het, sal die krag van die Here in ons hande wees *(Hand. 5:12)*.
Ons lees verder in U woord dat vir die wat geglo het sal hierdie tekens volg: "In My naam sal julle, julle hande op die siekes lê en hulle sal gesond word" *(Mark. 16:18)*.

Ons wend die bloed van Jesus aan oor ons oë *(Hand. 9:18)*.
Raak ons oë aan sodat die skille van ons oë sal afval.

Ons wil bid dit wat Elisa oor sy dienskneg gebid het toe hy die oggend wakker word en sien die stad is beleër. Hy sê: ..."ag, my heer, wat sal ons doen?" *(2 Kon. 6:15)*.
En Elisa het begin bid en sê: "Here, open my dienskneg se oë." Toe U sy **oë** oopmaak toe sien hy dat hulle wat vir ons is, is meer as hulle wat teen ons is *(2 Kon. 6: 17 & 18)*.

Ons lees in die Woord van Hagar wat met Ismael die woestyn ingevlug het, en toe sy op die punt kom om te sterf , het sy uitgeroep. Die Woord sê: "U het die gekerm en gehuil van die kind gehoor", en die Woord sê, ... "toe maak U haar oë oop en sy sien die geopende put" *(Gen. 21:17 & 18)*.

Dankie Here, ons is by 'n geopende put met lewende water, maar laat ons oë net oopgaan anders is ons besig om te sterwe *(Joh. 4:14)*.

U sê waar twee of drie in U naam vergader daar is U in ons midde *(Matt. 18:20)*.
U is die geopende put, laat ons oë oopgaan, laat ons sien en saam met Paulus sal sê: ..." ons let nie op die sigbare dinge nie, want dit is tydelik, maar ons let op die onsigbare dinge, want dit is ewig" *(2 Kor. 4:18)*.

Ons wil die bloed van Jesus oor ons ore aanwend, op grond van die bloed, raak ons ore aan, dat ons ore kan oopgaan en ons die stem van die Here kan hoor *(Jes. 35:5, Eseg. 3:10)*.

Dankie dat U sê dat U skape ken U stem, hulle sal 'n vreemde nooit volg nie *(Joh. 10: 4 & 5)*.
Here, gee genade dat ons die stem van die Here sal kan hoor en dat ons dit sal kan herken, dat ons nie net hoorders sal wees nie, maar daders van die Woord van die Here
(Jak. 1:23, Matt. 7:21).

Ons bid dat ons die stem van die Here duidelik sal hoor *(Open. 3:20, Heb. 4:7)*, want deur te hoor en te doen sal ons lewe, sal ons vergelyk word met 'n verstandige man wat sy huis se fondasie op 'n rots gebou het *(Matt. 7:24-27)*.

Die storm het teen die huis aangestorm, maar sy huis het nie geval nie, want hy het sy huis se fondasie op die rots gebou. Omdat ons die Woord hoor en dit doen, maak van ons daders van die Woord *(Jak. 1:25)*.

Ons wend die bloed van Jesus aan oor ons monde en ons tonge. Ons wil uitroep soos 'n Jesaja van ouds*(Jes. 6:5)*: "O weë my, want ek is onrein van lippe en ek woon onder 'n volk wat onrein is van lippe."

Ons sien hoedat U gekom het, deur die engel 'n tang gevat het en 'n kool van die altaar afgehaal het en sy lippe daarmee aangeraak het *(Jes. 6:6)*.

Here, raak elkeen van ons se lippe aan met 'n kool vuur van die altaar en U het gesê: "Jy is rein." Here, dit lyk my so, as U ons lippe aangeraak het, dan verklaar U ons is rein *(Jes. 6:7)*.
U Woord sê deur ons woorde sal ons veroordeel word of deur ons woorde sal ons vrygespreek word *(Matt. 12:37)*.

Here, ons dek die tafel van ons lewe deur ons woorde *(Spr. 18:20)*, want U Woord sê: ..."lewe en dood is in die mag van die tong" *(Spr. 18:21)*.
Daarom bid ons, sit 'n wag voor ons mond, Here, sodat ons nie dood sal spreek nie, maar lewe *(Ps. 141:3)*.

Laat ons woorde gees en lewe wees *(Joh. 6:63)*.
Laat ons woorde altyd aangenaam wees, met sout besprinkel *(Kol. 4:6)*, dat die hoorders genade sal vind as ons praat *(Ef. 4:29)*.
Dat ons woorde nie skerp sal wees en mense seermaak nie, maar genesing sal gee en lewe sal gee in Jesus se naam *(Jes. 50:4, Spr. 13:14)*.

Seën ook die bediening van die Woord waar dit ookal verkondig sal word. Die letter maak dood, maar die gees maak lewendig *(2 Kor. 3:6)*.
Lê U woord in ons mond *(Jes. 51:16, Jer. 1:10)*.

Ons wend die bloed van Jesus aan oor ons voete *(Lev. 14:28)*. Op grond van U bloed, rig weer ons weë. Maak ons gange vas *(Ps. 40:3)*, lei ons weer in die spore van geregtigheid om U naam ontwil *(Ps. 23:3)*.

Waar van ons mense afgedwaal het, wil ons hulle terugroep *(Jes. 53:6)*, wil ons hulle tot bekering roep dat hulle weer op die weg van die Here sal wees *(Luk. 5:32)*, want ons weet die pad van die Here is baie smal en die poort is baie nou. Dat ons mense hulle nie sal bevind op die breë pad nie *(Matt. 7:14)*.

Here, wees ons genadig, red ons uit, Here, laat ons in die lig sal lewe en in die lig wandel soos U in die lig is *(1 Joh. 1:7)*.
Dan sê U: ..."die bloed van Jesus Christus reinig ons van alle sonde", dat ons op die weg van die Here sal bly op grond van die bloed *(Joh. 12:35 & 36, Ef. 5:8)*.

Ons wend die bloed van Jesus aan oor ons liggame
(Open. 1:5).
Was ons liggame in die bloed van Jesus net soos ons gereeld ons liggame in rein water was *(Heb. 10:22)*.

So wil ons, ons liggame was deur die bloed van die Lam, dat ons liggame 'n tempel sal wees van die Heilige Gees
(1 Kor. 3:16) dat ons liggame 'n instrument sal wees in die hand van die Here *(2 Tim. 2:21)*.

Here, gebruik ons in Jesus naam dat ons die salwing van die Heilige Gees sal dra *(1 Joh. 2:20)*, want U het gesê: "in die laaste dae sal U, U gees uitstort op alle vlees" *(Joël 2:28)*.

Dat ons liggame, ons vlees gereinig sal wees sodat U, U gees kan uitstort oor ons liggame *(Hand. 2:15 & 16)*.
Ons sien dat toe U gees op Elia se liggaam kom, toe hardloop hy die koning se perde vooruit *(1 Kon. 18:46)*.

Laat dit so wees. Laat die gees van die Here op ons liggame kom, dat ons draers sal wees van die krag en die salwing van die Heilige Gees *(Hand. 1:8)*.

Verder wil ons ons geestelike klere was in die kosbare bloed van Jesus Christus. Ons lees in die Woord dat hulle wat voor die troon is, se klere is wit gewas en hulle het hulle klere gewas in die bloed van die Lam *(Open. 7:14)*.

Dankie dat ons, ons liggame kan heilig deur die Woord en die bloed *(Joh. 15:3, 1 Joh. 1:7)*.

4. HEILIGMAKING – Siel

Nou wil ons ook ons **siele** heilig deur die word van die Gees *(1 Pet. 1:22)*.
By die ingange van ons gedagtes *(Ps. 139:23)* wend ons die bloed van Jesus Christus aan *(Eks. 12:22)*.

Op grond van die bloed sê ons: "Ons sal nie die dinge van die vlees bedink nie," want die Woord sê: "hy wat die dinge van die vlees bedink, bedink die dood, maar hy wat die dinge van die Heilige Gees bedink, bedink lewe en vrede in Jesus naam" *(Rom. 8:6)*.

U sê soos wat die hemel hoër is as die aarde, so is U gedagtes hoër as ons gedagtes, maar U leer vir ons net soos wat die reën neerkom om die aarde te benat, so sal U, U gedagtes deurgee *(Jes. 55:9&10)*.

Ons neem ons ook voor ons sal nie die dinge van die mens bedink nie. Maar ons sal die dinge van God bedink, want anders, Here, sal dit ook met ons gebeur net soos U vir Petrus van ouds gesê het: "gaan weg agter My satan, want jy is vir My 'n struikelblok, jy bedink die dinge van die mens en nie die dinge van God nie *(Matt. 16:23)*.

Here, sal U asseblief in Jesus naam, ons gedagtes arresteer, terwyl ons ons eie gedagtes gevange neem tot gehoorsaamheid aan die lewende Christus *(2 Kor. 10:5)* en ons bid, Heilige Gees, sal U asseblief ons gedagtes nou bevrug dat ons Goddelike dinge sal bedink *(Matt. 1:20)*.

Dit sal soos reën kom deur die openbaringsgees *(Luk. 24:45)*. Laat dit kom *(Joël 2:23)*. Here, laat ons Goddelike dinge sal bedink *(Fil. 4:8)* in Jesus naam. Soos U vir Joshua gesê het, bedink hierdie Woord dag en nag en as hierdie Woord nie uit jou mond wyk nie sal jy voorspoedig wees *(Jos. 1:8)*.

Here, ons wil graag sien dat elkeen die voorspoed van die Here sal beleef omdat ons geleer het om Goddelike dinge, en om U waarhede te bedink *(Ps. 35:27)*.

Omdat U Woord nie uit ons mond wyk nie *(Ps. 1:2&3)*, daarom sal ons voorspoedig wees, want U is 'n God van voorspoed *(3 Joh. 1:2)*, die **gedagtes** wat U aangaande ons bedink en koester is nie gedagtes van onheil nie, maar **gedagtes** van heil en vrede om vir ons 'n hoopvolle toekoms te skep *(Jer. 29:11)*.

Gee genade, Here, dat ons dinge sal bedink wat waar is, wat lofwaardig is, wat God vererend is *(Fil. 4:8)*.
Here, in Jesus naam, sê ons: satan, ons stop jou werking op ons **gedagtes**.

Die bloed van Jesus is teen jou, want ons het die bloed van Jesus aangewend oor die ingange van ons **gedagtes** *(Eks. 12:22)*.
In die gemeente sal ons net goddelike dinge bedink, hemelse dinge bedink, want U woord sê: "bedink die dinge wat daar bo is en nie die dinge wat daar op die aarde is nie" *(Kol. 3:2)*.

Want julle het gesterwe en het opgestaan in 'n nuwe lewe met Christus en ons wandel in die Gees en daarom sal ons ons besig hou met goddelike gedagtes in Jesus naam. Laat dit so wees Here *(Kol. 3:3, Rom. 6:4)*.

Verder wil ons die bloed van Jesus vra oor ons emosies. Op grond van U bloed sal ons in hierdie gemeente nie gelei word deur ons emosies nie *(Rom. 12:2, 2 Kor. 5:7)*, maar ons sal deur die Heilige Gees gelei word *(Rom. 8:14)*.

En te midde van negatiewe omstandighede sal ons saam met Habbakuk sê: ..."nogtans sal ek jubel en juig in die Here onse God, al sal die vyeboom nie bot nie, al is daar geen vee in die krale nie, dit maak nie saak nie *(Hab. 3:17-19)*, die Here is ons beskutting"*(Ps. 91:9)*.

U is ons lig en ons heil *(Ps. 27:1)*.
Dankie Here, U maak ons 'n blymoedige volk *(Fil. 4:4)*, want U Woord verklaar, omdat jy die Here jou God nie in vrolikheid en vreugde van hart gedien het weens die oorvloed van dit alles nie, sal U toelaat dat ons vyand oor ons heers met 'n ysterjuk *(Deut. 28:47&48)*.

Here, ons kies liewer om die Here te dien met blydskap *(Ps. 40:17)* weens die oorvloed van dit alles wat ons reeds ontvang het in Christus Jesus *(Ef. 1:3)*.

Ons het net rede om die Here te dien in vreugde en in blydskap van hart *(Ps. 119:162)*.
Ons bid dat hier 'n gees van vrolikheid *(Deut. 26:11)* onder ons sal heers in Jesus naam, want U Woord sê U koninkryk bestaan nie uit spys en drank nie, dit bestaan uit geregtigheid en blydskap in die Heilige Gees *(Rom. 14:17)*.

Here, ons wil ook kan ween saam met die wat ween en bly wees saam met die wat bly is *(Rom. 12:15),* want U sê: "salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde besit" *(Matt. 5:5)*.
Here, gee ons 'n sagmoedige gees *(Fil. 2:5-7)*, maar ons sal nie deur ons emosies gelei word nie, maar ons sal deur die Heilige Gees gelei word
(Rom. 8:14).

Here, verder wil ons ons gewete heilig en reinig sodat ons ook soos Paulus kan sê: "ek is van geen ding bewus nie"
(1 Kor. 4:4), maar ek wandel in 'n rein gewete voor God en mens *(Hand. 24:16, Hand. 23:1)*. Here, ek wil bid dat U ons gewetes opnuut sal verskerp *(1 Tim. 4:2)*.

As hier van ons mense is wat in sonde lewe, Here, dat hulle nie rus vir hulle siele kan kry nie, dat hulle gewetes hulle nie met rus sal laat nie in Jesus naam. Dat dit vlymskerp sal wees in Jesus naam en dat hulle sal rus vind vir hulle siele, omdat hulle onder die juk van Christus lewe *(Matt. 11:28 & 29)*.

---

5. HEILIGMAKING – Gees

Ons prys U vir die evangelie ***(Rom. 15:29)***, U Woord sê as ons met ons hart glo en ons mond bely sal ons gered word ***(Rom. 10:10)*** en ons prys U vir die evangelie, want dis 'n krag van God tot redding vir elkeen wat dit glo ***(Rom. 1:16)***.

Ons sê ons het niks anders om te roem behalwe in die kruis van Golgota ***(Gal. 6:14),*** waar Jesus Christus namens ons ons straf gedra het, sodat ons die vrede van God kan hê ***(Jes. 53:5)***.
Ons het goddelike vrede, ons het die Shalom van die lewende God op grond van die kruisdood en opstanding van Jesus Christus ***(1Kor. 15:17-20)***.

Jesus, dankie dat U bereid was om namens ons sonde gemaak te word sodat ons in U die geregtigheid van God kan wees ***(2 Kor. 5:21)***.
Ons beklee ons met goddelike geregtigheid ***(Fil. 3:9)***.

Jesus, dankie dat U namens ons bereid was om ons vloek op U te neem, dat U gesterf het aan die vloekhout, sodat ons volgens U woord die geseëndes van die Here kan wees ***(Gal. 3:13)*** en dat ons die seën van Abraham kan beërwe ***(Gal. 3:29).***

En dat ons die belofte van die Gees kan ontvang omdat Jesus die vloek op Hom geneem het en nou is ons die geseëndes van die Here ***(Gal. 3:14)***.

Verder dank ons U, Jesus, dat U bereid was om in ons plek arm te word, want U Woord verklaar deur U armoede het ons ryk geword *(2 Kor. 8:9)*.
Dankie dat ons goddelike rykdomme sal besit as gevolg van die boodskap van die Kruis, as gevolg van die evangelie van Jesus Christus *(Jes. 45:3, Fil. 4:19)*.

Dankie Jesus dat U bereid was om ons krankhede in U liggaam te dra, ons leer dit uit U Woord Here. Deur Jesus se wonde het daar vir ons goddelike genesing gekom *(Jes. 53:5)*.
Ons verklaar goddelike gesondheid, siel, gees en liggaam *(3 Joh. 1:2)* oor ons op grond van die kruis van Golgota *(1 Pet. 2:24)*.

Verder, Heilige Gees, Gees van die lewe *(2 Kor. 3:6)*, die ander trooster wat gekom het *(Joh. 14:16)* wil ons U smeek Heilige Gees, waar ons U bedroef het, ons wil U nie bedroef nie *(Ef. 4:30, Jes. 63:10),* maar inteendeel, ons wil U verbly.

Heilige Gees, ons wil die dinge doen, die dinge dink, praat wat U bly maak, nie wat U bedroef nie. Gee ons genade Here, dat ons so voor U sal lewe om die Heilige Gees te verbly *(Gal. 5:22, 1 Thess. 1:6)*.

Verder bid ons, Heilige Gees, vergewe ons waar ons U die afgelope tyd weerstaan het, ons wil U nie weerstaan nie, maar ons wil U verwelkom *(Hand. 7:51)*.

Pleks dat ons die duiwel weerstaan het *(Jak. 4:7)*.
Ons neem ons voor ons sal die duiwel weerstaan. Ons weerstaan die wêreldgees *(Rom. 12:2)*, maar ons verwelkom die Heilige Gees in ons lewe, en ons bid Heilige Gees, neem van ons besit, vervul ons opnuut *(Hand. 2:4)*, arresteer ons, Heilige Gees, lei ons, dryf ons, Gees van die Here *(2 Pet. 1:21)*.

Bekragtig ons, want Here U het gesê: "Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom *(Hand. 1:8)*, hoe begeer ons nie dat die Heilige Gees oor hierdie gemeente en oor ons mense sal vaardig word *(1 Sam. 10:6)*.

Heilige Gees, ons bid dat U ons sal oorskadu *(Luk. 1:35)* in hierdie dag en gedurigdeur. Ons bid so Heilige Gees, ons neem ons voor ons wil U nie uitblus nie *(1 Thess. 5:19)*, inteendeel, ons wil U al die ruimte gee, ons wil U aanvuur in ons lewe, Heilige Gees *(Rom. 8:15)*.

Kom Gees van die lewe, Gees van die waarheid *(Joh. 16:13)*, kom oortuig ons van die waarheid, van sonde, en van geregtigheid en van oordeel *(Joh. 16:8)*.
Kom maak die letter lewendig *(2 Kor. 3:6)*, kom vul hierdie gebou *(Hand. 2:2, Hand. 1:31)*.
Dit is die salwing van die Heilige Gees wat die jukke van die satan vernietig en die laste laat afgly *(Jes. 10:27)*.

Here, dat ons mense sal wees van die gees *(1 Kor. 3:1)*.
Ons verlang na die uitstorting van die Heilige Gees, kom reën op ons *(Hand. 10:44)*, kom brand soos 'n vuur in ons binneste om die kaf te verbrand *(Matt. 3:12)*.
Gee vir ons vars ywer uit die hemel uit *(Jes. 42:13)*.

Heilige Gees, kom doen ons aan met krag uit die hoogte *(Luk. 24:49)*.
Ons bid kom doen ons aan Here, Here. Kom Gees van krag *(1 Kor. 12:10)*, Gees van geloof *(1 Kor 12:9)*, kom nou terwyl ons wag op U *(Luk. 24:49)*. Dat as mense hier sal instap, hulle sal ervaar dat die Heilige Gees vir hulle wag *(2 Sam. 5:24)*.

Ter wille van die bloedverbond *(Sag. 9:11, Jer. 31:31-33)*, ter wille daarvan dat ons die bloed aangewend het oor hierdie samekomsplek, oor elke lidmaat is die bloed van Jesus aangewend *(1 Pet. 1:2, Heb. 9:21)*.

Op die bloed van die Lam *(Lev. 14:17)* sal die Gees van die Here, sal die olie, die salwing van die Heilige Gees neerdaal op ons *(Hand. 10:38)*.
Jesus sal verhef word *(Joh. 7:39)*. Waar die Gees van die Here is, is lewe *(Joh. 6:53, 2 Kor. 3:17)*.

Here, laat ons bediening 'n vertoning van gees en krag wees *(1 Kor. 2:4 & 5)*, want die Koninkryk van God bestaan nie uit woorde nie, maar uit krag *(1 Kor. 4:20)*. Laat dit so wees.

Ons neem opnuut ons kruis op, verloën onsself *(Mark. 8:34)*. Ons verklaar dat Jesus Christus, die Seun van die lewende God *(Matt. 16:16),* is ons Here *(Fil. 2:11)*.

Ons verklaar ons leef nie meer nie, maar Jesus Christus leef in ons, en ons leef in Hom *(Gal. 2:20)*, want ons glo die Woord sê ons ou mens van sonde is saam met Christus gekruisig *(Rom.6:6)* en daarom het ons ons laat doop, ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop en net soos wat Jesus opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, is ons ook so opgewek om in 'n nuwe lewe te kan wandel *(Rom. 6:4)*.

Ons lewe is saam met Jesus verborge in God *(Kol. 3:3)*.
Ons lewe sal saam met Hom geopenbaar word *(Kol. 3:4)*.
Ons glo wat die Woord sê, ons sit saam met Hom, Jesus Christus, in hemelse plekke *(Ef. 2:6)*.

Ons heers saam met Jesus Christus *(Rom. 5:17)*, maar ons bely dat Jesus Christus, die Seun van die lewende God is *(Matt. 16:16)*,

---

Hy is ons enigste Here *(Fil. 2:11)*.
Jesus is ons Redder *(Hand. 4:12)*, Jesus is ons Verlosser *(2 Pet. 1:11)*, Jesus is ons Saligmaker *(Luk. 2:11)*, Jesus is ons Heiligmaker *(Heb. 13:12)*, Jesus Christus is ons Geregtigheid *(Jer. 33:16, 1 Kor. 1:30)*.

Hy het vir ons geword Wysheid uit God *(1 Kor. 1:30)*, Jesus Christus is vir ons 'n voorspraak *(1 Joh. 2:1)*.
Hy is vir ons 'n versoening vir ons sondes *(1 Joh. 2:1&2)*.
Jesus Christus is vir ons die weg, die waarheid en die lewe *(Joh. 14:6)* en ons glo die Woord wat sê dat elke knie sal buig en elke tong bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van die Vader *(Fil. 2:10&11)*.

Here, dankie dat ons, ons harte en ons knieë voor U kan buig *(Ef. 3:14)* in selfvernedering en erkenning *(1 Pet. 5:6)*.

Aan Jesus Christus is gegee alle mag in die hemel en op aarde *(Matt. 28:18)* en Hy is die heerser, en Hy sal regeer as koning totdat Hy sy vyande 'n voetbank van sy voete gemaak het *(Hand. 5:31, 1 Kor. 15:24-26)*.

Dan sal Hy die Koninkryk oorgee aan Sy Vader, want Hy is gekroon die koning van alle konings en die Here van alle Here *(Open. 17:14)*.
Hy is die triomfantlike, ons prys en eer U, Jesus *(Kol. 2:15)*.

Want U het die owerhede en die magte van die duisternis ontklee en hulle in die openbaar ten toon gestel en daardeur oor hulle getriomfeer *(Kol. 2:15)*.

Verder wil ons Here, ons harte en ons gees ook aan U gee *(Spr. 23:26)*, nadat ons ons liggaam en siel geheilig het deur U woord en deur U bloed *(Ef. 5:26)* wil ons ook ons gees heilig *(2 Thess. 2:13)* deur U woord en deur U bloed *(Heb. 13:12, 2 Kor. 7:1)*.

En opnuut gee ons, ons harte vir U Here, en bid soos Dawid: "Skep vir ons 'n rein hart en plant opnuut in ons binneste 'n vaste gees" *(Ps. 51:12)* "en ondersteun ons met 'n gewillige gees" *(Ps. 51:14)*.

Ons bid verlos ons van harte wat verdeeld is, en help ons dat ons nie op twee gedagtes hink nie *(1 Kon. 18:21)* en gee ons genadiglik 'n volkome hart soos Dawid gebid het oor sy seun Salomo, dat U vir hom 'n volkome hart moet gee *(1 Kron. 29:19)*.

Gedurig lees ons in U Woord hoedat hulle bid, "God, gee my 'n volkome hart" *(1 Kon. 15:14)*.
Here, help ons as ons gee vir U koninkryk dat ons gee met 'n volkome hart *(1 Kron. 29:9)*.

Gee vir ons 'n volkome hart want die oë van die Here deurloop die hele aarde om dié kragtig te steun wie se hart onverdeeld op U gerig is *(2 Kron. 16:9)*.
Dit is die soort harte en gees wat ons wil hê in ons binneste *(Joh. 7:38)*.

Ons dank U Here dat U ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee het nie, maar 'n gees van krag en liefde en selfbeheersing *(2 Tim. 1:7)*.
Here, ons bid vir 'n nederige gees *(Jes. 57:15)*.

Bewaar ons van hoogmoed, want weer wil ons sê Here, U leer ons, U weerstaan die hoogmoediges, maar gee groter genade aan die nederiges *(Spr. 8:13, Jak. 4:6)*.
U word verklaar U as die hoë en verhewe God. U maak woning by die nederiges en die sagmoediges *(Jes. 57:15)*.

Laat dit so wees in ons binneste. Weer wil ons soos Dawid sê, U het 'n welgevalle aan waarheid in die binneste *(Ps. 51:8)*, dat ons harte, ons gees, gevul word met die Heilige Gees *(Hand. 2:4)*.
En dat daar in ons binneste 'n gees van geloof sal heers *(2 Kor. 4:13)*.
Here, deursoek ons harte en kyk of daar 'n weg van smart is en verlos ons daarvan *(Ps. 139:23 & 24)*.

Ons wil alles wat nie van U is nie uit ons gees uitdryf *(Mark 5:8)*, en ons bid dat U kom woning maak in ons gees *(Ef. 2:22)* en ons wil die bloed aanwend oor ons gees en harte in Jesus naam en ons bid vir 'n waaragtige hart en 'n volle geloofsekerheid *(Heb. 10:22)*.

Here was ons harte rein deur die bloed van die Lam *(1 Joh. 1:7)*.
Want Here U kyk nie na wat voor oë is nie, maar na die hart van die mens *(1 Sam 16:7)* en ons bid, gee ons 'n gees wat vol is van geloof, wysheid en krag *(Hand. 6:5-8)*.
Ons bid dat ons opnuut vervul sal wees met die Heilige Gees *(Hand. 2:4)* en vernuwe die gees van my gemoed *(Ef. 4:23)*.

Want Jesus heers in ons harte en ons sê deur die Heilige Gees dat Jesus Christus is die Here, want U Woord sê dat niemand kan sê Jesus die Here is sonder die Heilige Gees nie *(1 Kor. 12:3)*.

Ons bid dat die Heilige Gees die vrug van die Gees in ons binneste sal bewerk soos liefde, blydskap, vrede *(Gal. 5:22)*.

Ons verklaar dat Jesus Christus die Here van ons hart is, soos Hy hoof is bo alle dinge, is Hy ook die hoof van ons lewens en van die gemeente *(Ef. 1:21&22)*.

Hy sit op die troon van ons harte en Hy heers as Koning van ons lewens in ons binneste *(Jes. 6:1)*.
Verder bid ons Here dat U U wette skryf op die tafels van ons harte *(Jer. 31:33)*.

Here, dat U Woord ryklik in ons binneste en in ons gees woon *(Kol. 3:16)*, want U sê U het 'n behae van waarheid in ons binneste *(Ps. 51:8)*. Laat dit so wees.

---

6. SKEPPINGSDOEL

Nou, nadat ons ons siele, ons liggame en ons gees geheilig het deur die Woord en deur die bloed, wil ons ons liggaam, siel en gees aan U toewy as 'n lewende, heilige en welgevallige offer *(Rom. 12:2)*.

Ons bid U, maak van ons ware aanbidders *(Joh. 4:24)*, maak van ons bidders *(Eseg. 22:30)*, maak van ons werklik dissipels van Jesus sodat ons dissipels sal maak *(Matt. 28:19)*.
Here, gee dat elke lidmaat sy plek in die liggaam van Jesus Christus ontdek *(1 Kor. 12:27)* sodat elkeen sy roeping kan vervul *(2 Tim. 4:5)*.

Gelukkig is die dienskneg as sy heer kom, dat hy hom so besig sal vind *(Matt. 24:46)*.
Here dat U as U kom, U ons besig sal vind met dit waartoe U ons geroep het *(Rom. 1:6)*, nie soos ons goedgedink het nie, maar soos die Here God ons geroep het en ons in posisies aangestel het *(1 Kor. 12:18, 1 Kor. 12:7)*.

Ons bid dat elke lidmaat betrokke sal wees in 'n selgroep of kleingroep sodat die gemeenskap van die heiliges daardeur volbring kan word *(Hand. 2:42)* sodat U beeld daardeur geopenbaar word.

Want U het ons geskape na U gelykenis *(Gen. 1:26)*. Vader, Seun en Heilige Gees is gemeenskapswesens as drie-enige God, So bid ons ook dat ons een sal wees met mekaar soos wat Jesus een is met sy Vader *(Joh. 17:22)*.

Here onse God, U funksioneer nie as een alleen nie, maar as drie saam in gemeenskap, as eenheid. Here so bid ons dat ons as gemeenetlede as 'n eenheid met mekaar sal funksioneer *(Fil. 2:2)*.

Laat die eenheid van die heiliges openbaar word in ons kleingroepe en selgroepe, waar ons vir mekaar kan omgee *(Hand. 2:45)*, dat hulle daar mekaar se laste kan help dra en so die wet van Christus kan vervul *(Gal 6:2)*.

Vader ons bid dat nie een van ons lidmate hulle skeppingsdoel sal mis nie. Daarom bid ons dat elkeen van ons die beeld van Christus sal dra *(Gal. 4:19, Rom. 8:29)*.

Verder wil ons bid, laat U goddelike naam geheilig word *(Matt. 6:9)*, verhef en verheerlik word. Ons eer U vir U naam wat 'n naam is bo alle name *(Fil. 2:9, Hand . 4:12)*.

Die naam van die Here is 'n sterk toring, die regverdige hardloop daarin en word beskut *(Spr. 18:10)*, daar is net een Naam gegee onder die hemel en op die aarde en onder die mense waardeur ons gered kan word *(Hand. 4:12)*.

Dit is die Naam van Jesus Christus en die saligheid is in niemand anders nie behalwe in die Naam van Jesus Christus. Deur sy Naam het ons vergifnis en die Woord sê omdat ons U naam ken, sal U ons uitred *(Ps. 51: 14* & 15).
Ons vereer die Naam wat bo alle name is *(Fil. 2:9)*.

---

7. ONSE VADER

Verder bid ons, Vader laat U koninkryk kom *(Matt. 6:10)*, U heerskappy, laat dit kom. Ons verklaar ons onderwerp ons aan onse God, ons weerstaan die duiwel *(Jak. 4:7)* en ons verklaar Jesus regeer *(Matt. 28:18)*.
Hy heers in ons lewens *(2 Tim. 2:12)*. Hy heers in die gemeente *(Ef. 5:23)*.

In Jesus naam sal sy lig skyn in die duisternis en die duisternis kan dit nie oorweldig nie *(Joh. 1:5)*.
Dit is U lig wat die heerskappy van die wêreld en die heerskappy van die satan verdryf *(1 Joh. 3:8)*.
Laat U heerskappy kom.

Verder bid ons, Vader dat U wil geskied soos in die hemel net so ook op die aarde *(Matt 6:10)*.
Here, ons vra dat U ons nie oorgee aan ons eie wil nie *(Ps. 106:15)*, maar ons bid U dat U gees oorneem in ons lewens *(Hand. 1:8)*.
Telkemale wil ons bid, in elke dag, in elke besluit, nie ons wil nie maar die wil van die lewende God *(Luk. 22:42)*.

Laat dit so gebeur in ons lewens, dat dit nie menslike besluite sal wees nie, maar dat ons kan sê soos ons lees in die Woord dat ons en die Heilige Gees besluit *(Hand. 15:28)*.

Dat ons ons besluit sal neem deur die salwing van die Heilige Gees. Verder bid ons Vader, vergewe tog ons skulde, net soos ons ook ons skuldenaars vergewe *(Matt. 6:12)*.

Here, ons het U vergifnis elke dag so nodig, daarom kies ons om ander, ons medemens, te vergewe *(Mark. 11:26)*, hulle wat ons te na gekom het, hulle wat ons seergemaak het *(Luk. 6:28-31)*.

Ons wil gou wees om vry te spreek, om hulle te seën en nie te vervloek nie, want U Woord sê: "spreek vry en jy sal vrygespreek word" *(Rom. 12:14)*.
Moenie oordeel nie, sodat jy nie veroordeel mag word nie. Want die Woord verklaar die maat waarmee ons meet sal U weer vir ons meet *(Luk. 6:36-38)*.

Here, ons het U genade nodig en daarom wil ons genade gee *(Joh. 1:16)*.
Ons wil mense seën, ons spreek lewe en dank U vir 'n gees van vergifnis wat onder ons inkom, want U Woord sê: ..."tevergeefs bid ons as ons nie bereid is om te vergewe nie" *(Mark. 11:25)*. Ons vergewe en seën, o Here.

Verder bid ons, gee ons ons daaglikse brood *(Matt. 6:11)*.
Here, ons verklaar dit is U wat vir ons sorg, dag vir dag *(Ps. 68:20)*, elke oomblik in hierdie dag, die komende week.

Dit is nie uit ons eie goedheid, ons eie vermoë nie. Dit is nie omdat ons hard werk dat ons het nie *(Spr. 10:22)*, maar dit is die Here wat vir ons voorsien *(Ps. 127:2, Fil 4:19)*.

U is die bron. Daarom maak ons soos die Woord sê, ons werp al ons bekommernisse op U, want U sorg *(1 Pet. 5:7)*.
Soos U Woord sê: "Ons moet ons sorge op U werp" *(Ps. 55:23)*.

Want dit is U wat ons onderhou, want U Woord verklaar dat U is die behouder van alle mense, maar U sê in besonder van die gelowiges omdat ons glo *(1 Tim. 4:10)*.

Daarom sal U vir ons sorg, in 'n tyd van gebrek sal ons oorvloed kan hê *(Ps. 37:18&19)*.
Dankie dat U 'n God van oorvloed is. Dat U nie wil hê dat ons net moet oorlewe nie.

Maar dat ons oorvloed sal hê *(2 Kor. 8:6-11, Joh. 10:10),* sodat ons oorvloedig kan gee, nie om onsself te verryk nie, maar om die koninkryk van God te verryk *(Matt. 6:33)*.

Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose, want aan U behoort die Koninkryk, krag en heerlikheid, tot in alle ewigheid *(Matt. 6:13)*.
Here, U is die Almagtige *(Gen. 49:25)*.
U is die groot Heerser en ons bid Here, verlos ons van die bose, maak ons vas aan U *(2 Tim. 2:19)*.

---

8. WAPENRUSTING

Verder wil ons die volle wapenrusting van God aantrek, want uiteindelik my broeders word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte *(Ef. 6:10)*.

Dan sê Hy: "Trek die wapenrusting aan sodat julle kan staande bly teen die luste van die satan" *(Ef. 6:11)*.
Hy sê ons moet die wapenrusting aantrek sodat ons weerstand kan bied in die dag van onheil *(Ef. 6:13)*.

In die dag van onheil as die vyand kom met sy aanslag, het ons die wapenrusting aan. Daarom, opnuut, omgord ons ons lendene met die waarheid *(Ef. 6:14)* van die Woord, want die waarheid wat ons ken maak ons vry *(Joh. 8:32)*.

Ons weet, ons glo met ons harte en bely met ons lippe *(Rom. 10:9)* dat die wie U aangeneem het, aan hulle het U reg gegee om kinders van God te word *(Joh. 1:12)*.
Hulle is nie uit die bloed of die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar hulle is uit God gebore *(Joh. 1:13)* en is nie meer diensknegte nie, maar seuns en dogters van die lewende God *(Gal. 4:7)*.

Dankie dat ons U natuur in ons het deur wedergeboorte *(Joh. 3:3)* deurdat ons in die koninkryk ingebore is *(Kol. 1:13)* en U is in ons gees ingeplant en ingebore deur wedergeboorte *(Rom. 8:15)* en die Koning van alle konings heers in ons binneste. Ons is in sy koninkryk en sy koninkryk is in ons *(Luk. 17:21)*.

Hierdie waarheid maak ons vry *(Joh. 8:32)*, want in Christus is ons nuwe skepsels, kyk die ou dinge het verbygegaan, dit het alles nuut geword *(2 Kor. 5:17)*.

Opnuut beklee ons, ons met die nuwe mens in Christus Jesus *(Ef. 4:24)*.
Ons vergeet dit wat agter is en strek ons uit na dit wat voorlê in Jesus naam *(Fil 3:14)*, want ons is nou eenmaal die **geseëndes van die Here** *(Gen. 26:29)*. In Christus het U ons geseën *(Ef 1:3)*.

Want in Christus het U ons begenadig en is ons die begenadigdes van die lewende God *(Ef. 1:6)* en uit sy volheid geniet ons genade op genade *(Joh. 1:16)*.

Dit wat ons is, is genade, maar ons bid dat U genade nie tevergeefs in ons lewens sal wees nie *(1 Kor. 15:10)*, maar dat ons soos Paulus sê, ons het meer oorvloediger gearbei as almal *(1 Kor. 15:10)*, want hy het ons laat verstaan dit is die genade van God wat ons oorvloedig maak in die arbeid en in vrug *(2 Kor. 9:8)*.

Verder glo ons U Woord wat sê dat U het ons in Christus uitverkies om heilig en sonder gebrek te wees *(Ef. 1:4)*, ons is die uitverkorenes van die lewende God *(Rom. 8:33)*.

In Christus het U ons verseël met die Heilige Gees *(Ef. 1:13)*. Ons is die verseëldes van die Almagtige God. Heilige Gees, ons bid U, verseël ons opnuut *(2 Kor. 1:22)*.
Waar van ons mense dalk hierdie verseëling gebreek het, bid ons, herstel dit *(Ef. 4:30)*.
Ons trek ons aan met hierdie waarheid.

U maak ons die kop en nie die stert nie: ons gaan nie ondertoe nie, net boontoe, ons gaan nie agtertoe nie en gaan net vorentoe *(Deut. 28:6)*.
Waar ons ingaan sal ons geseënd wees, waar ons uitgaan, sal ons geseënd wees *(Deut. 28:6)*.

Ons geniet die seëninge van die Here omdat ons gehoorsaam is aan die stem van die Here, omdat ons die bloedverbond glo. "U seëninge sal ons agtervolg, sal ons inhaal" *(Deut. 28:2)*.
Laat dit oor ons kom.

Here, ons trek ons aan met die waarheid. U sê hierdie werk wat U in ons begin het, sal U volvoer *(Fil. 1:6)*, niemand sal ons uit U hand ruk nie *(Joh. 10:28)*.
U het gesê: "U maak hierdie gemeente soos 'n stad op 'n berg wat nie versteek kan word nie" *(Matt. 5:14)*.

Verder sit ons die helm van verlossing op *(Ef. 6:17)*.
God dank, ons is gekoop deur die bloed Lam. Ons is nie losgekoop deur goud of silwer nie, of deur verganklike dinge nie, maar deur die bloed van die Lam *(1 Pet. 1:18 &19)*.

Ons is uit God gebore, alles wat uit God gebore is oorwin die wêreld *(1 Joh. 5:4)* en die bose het geen houvas op ons nie *(1 Joh. 5:18)*.

In Jesus naam het U ons al die mag gegee oor al die krag van die vyand *(Luk. 10:19)*.
U het gesê: "op slange en skerpioene sal julle trap, maar niks sal julle skade doen nie" *(Luk. 10:19)*.

U het gesê: "die jong leeu en die adder sal jy vertrap" *(Ps. 91:13)*.
Here, ons is bestem om te vertrap die slange, skerpioene, die bose geeste, die werking van die satan onder ons voete. U het gesê, spoedig sal U die satan onder ons voete verbrysel *(Rom. 16:20)*.

Dankie, Here, dat U gekom het om die wêreldheersers te oorwin. U het die wêreldheersers en owerhede ontklee en in die openbaar ten toon gestel en daardeur oor hulle getriomfeer *(Kol. 2:15)* en God sy dank wat ons altyd laat triomfeer *(2 Kor. 2:14)*.
Dankie vir U gees van triomf wat binne ons is.

Verder Here, dank ons U. Ons dank U dat U goddelike regte en goddelike outoriteit gegee het, want U sê: "dit wat ons op aarde **bind** sal in die hemel gebonde wees en dit wat ons op aarde ontbind sal in die hemel ontbonde wees" *(Matt. 16:19)*.

Dankie vir ons gesag en outoriteit. Ons bind die werking van die satan en stel vry die werking van die Heilige Gees. Elke duiwel sal hulle aan ons onderwerp in U naam *(Luk. 10:17)*.

Here, U het die sleutels. As U toemaak kan niemand oopmaak nie *(Open. 3:7)*.
Ons bid dat U goddelike deure vir ons sal oopmaak, deure om U koninkryk uit te brei *(1 Kor. 16:9).*
Here, maak vir ons deure oop van oorwinning en sukses *(Kol. 4:3)*.

Verder wil ons die borswapen van geregtigheid aansit *(Ef. 6:14).* Weer verklaar ons opnuut met Jesus Christus wat in ons plek sonde gemaak is, is ons in Hom die geregtigheid van God *(2 Kor. 5:21)*.

Ons sê soos Paulus gesê het om voor U bevind te word, nie met ons geregtigheid wat ons verkry deur die wet nie, maar die geregtigheid wat uit God kom *(Fil. 3:9)* wat in Christus is wat ons verkry deur die geloof *(Fil. 3:9)*, ons beklee ons met goddelike geregtigheid, want ons glo die Woord *(Rom. 10:3)*.

Die skuldbrief teen ons is aan die kruishout vasgenael*(Kol.2:14),* daar is dus geen veroordeling vir die wat in Christus is, wat nie na die vlees wandel nie, maar na die gees *(Rom. 8:1)*.

Die wet van die lewe in Jesus Christus het ons vrygemaak van die wet van die sonde en die dood *(Rom. 8:2)*.

Ons geniet die vryspraak van die Here, ons het goddelike geregtigheid deur Jesus Christus het ons dit verkry *(Gal. 5:1)*. Verder vat ons die skild van geloof op wat die vurige pyle van die bose sal kan uitblus *(Ef. 6:16)*.

Dankie, Here, want U het met ons 'n ewige vredesverbond gesluit *(Jes. 54:8 & 9)*.
Omdat U seun, Jesus Christus, namens ons sy siel as skuldoffer aangebied het, het U gesê: "U is versadig *(Jes. 53:10&11)* en daarom sê U U sluit met ons 'n ewige vredesverbond. U sweer vir ons U sal nooit weer oor ons toornig raak nie *(Jes. 54:9)*.

U sal ons nooit weer dreig nie *(Jes. 54:9)*, as die **aanval kom**, dit is nie uit U nie, maar hy wat op ons aanval, sal oor ons val *(Jes. 54:15)*.
Geen wapen wat teen ons gesmee word sal iets uitrig nie *(Jes. 54:17)*, want ons geregtigheid is uit God, want dit is die erfdeel van die heiliges *(Jes. 54:17)*.

As U aan ons kant is, wie kan ooit teen ons wees *(Rom. 8:31)*, want U het selfs nie eens U eie Seun gespaar nie, maar aan ons oorgegee, hoe sal U nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie *(Rom. 8:32)*.

Wie sal dan kan beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van die lewende God? Dit is U wat ons regverdig gemaak het *(Rom. 8:33)*.

As die Almagtige, die Allerhoogste ons regverdig gemaak het, wie kan beskuldiging teen ons inbring *(Rom. 8:33)*? Wie is dit wat veroordeel? Dit is Jesus wat vir ons gesterf het en meer as dit, Hy sit aan die regterhand van God die Vader, waar Hy vir ons intree *(Rom. 8:34)* as hoëpriester *(Heb. 4:15)*.

Ons het 'n hoëpriester wat medelye het met ons swakhede, daarom kan ons met vrymoedigheid na die troon van genade gaan sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word *(Heb. 4:16)*.

Ons prys U dat U aan ons kant is *(Rom. 8:31)* en daarom kan niemand teen ons wees nie. Ons weet dat U aan ons kant is, dat U U seun gegee het vir ons op 'n tyd terwyl ons dit nie verdien het nie, terwyl ons nog sondaars was *(Rom. 5:8)*.

Want terwyl ons nog vyande van U was, is ons met U versoen deur die dood van U seun. Veel meer sal ons deur sy lewe gered word noudat ons versoen is *(Rom. 5:10)* en U sê elke plek waar ons ons voete op sit sal U vir ons gee *(Jos. 1:3)*.

Here, dankie vir die skild van geloof, ons blus die vurige pyle uit *(Ef. 6:16)*.
Ons sit 'n skild van geloof oor elke lidmaat *(1 Thess. 5:8)*.

Ons neem die swaard van die Gees op *(Ef. 6:17),* wat skerper is as enige tweesnydende swaard *(Heb. 4:12)*.
Dankie, U woord is lewendig, is kragtig, dit sal indring tussen die skeiding van siel en gees, tussen murg en been.

Dit is 'n beoordeelaar van die gedagtes van die mens se hart en daar is geen skepsel onsigbaar vir Hom nie, maar alles is oop en bloot voor die oë van Hom met wie ons te doen het *(Heb. 4:12)*.

Opnuut wend ons die bloed van Jesus aan op ons oë, ore, harte, dat ons oë en harte sal oop wees *(Lev. 8:23)*.
Die Here maak ons harte oop sodat ons die Woord sal ontvang *(Hand. 16:14)*.
Here, laat ons U woord aanneem soos dit waarlik is as die Woord van God wat ook werk in ons wat glo *(1 Thess 2:13)*.
Die Woord van die Here sal soos 'n hamer wees *(Jer. 23:29)*.

Dit sal die harde hart stukkend slaan en die mens sal bevry word en wederbaar word deur die aanhoor van die Woord *(1 Pet. 1:23)*.
Hulle sal geloof kry, want die Woord sê: "geloof kom deurdat ons die Woord van die Here hoor" *(Rom. 10:17)*.

Weer wil ons sê: " die letter maak dood, maar die Gees maak lewendig "*(2 Kor. 3:6)*.
U woord sal nie ledig terugkeer nie, dit sal bereik waartoe U dit gestuur het *(Jes. 55:11)*.

U stuur U woord om te genees *(Ps. 107:20)*.
Om lig en lewe te bring *(Ps. 119:105)* en ook oorwinning te bring *(Spr. 6:23)*.
U woord is onverganklike saad *(1 Pet. 1:23)* ons bid dat die onverganklike saad sal val op die voorbereide akker sodat dit honderdvoudig vrug sal voortbring *(Luk. 8:8)*.

Verder sit ons as skoene aan ons voete, die bereidwilligheid van die evangelie van vrede *(Ef. 6:15)* ons verklaar ons bereidwilligheid in die diens van die Here. Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons doen wat ons verplig is om te doen *(Luk. 17:10)*.

Here, ons bid dat ons ons liggame sal kasty en diensbaar maak en dat ons nie miskien terwyl ons vir andere gepreek het, self verwerplik sal wees nie *(1 Kor. 9:27)*.
Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig, *(Rom. 10:15)*.

Opnuut sê ons soos 'n Maria van ouds toe sy 'n bomenslike, amper 'n menslik onmoontlike opdrag kry, sê sy: "hier is U diensmaagd, laat dit met my gaan volgens U Woord"
(Luk. 1:38).

So wil ons dit bid oor die gemeente, laat dit metons gaan volgens U woord, volgens U wil *(Luk.22:42)*.
Ons wil verklaar U is die pottebakker,ons is die klei, ons sien hoe U besig is om ons te maak, ons te vorm soos U wil hê ons moet wees *(Jer. 18:4)*.

Ons verklaar die Here trek voor ons uit *(Eks. 13:21)*, want ons laat ons weg aan die Here oor en ons vertrou op U , en U voer dit vir ons uit *(Ps. 37:5)*.
Ons steun nie op ons eie insig nie *(Spr. 3:5)*, ons steun op die insig van die Heilige Gees *(Joh. 16:13)* en daarom is U besig om ons paaie gelyk te maak *(Spr. 3:6)*.

Ons vertrou nie op die mens nie, maar vertrou op God *(Ps. 78:7)* en sien hoe trek U voor ons uit *(Eks. 13:21)*. U maak ons paaie gelyk *(Spr. 3:6)*.

Die Here is ons voorhoede, ons agterhoede *(Eks. 14:19)*. Hy trek voor ons uit. Hy breek die ysterdeure en die kopergrendels stukkend om die skatte wat in die duisternis weggesteek is vir ons uit te bring *(Jes. 45:2)*.

Die Woord sê: "Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van die goeie verkondig" *(Rom. 10:15)*.
Ons neem ons voor om die goeie boodskap van liefde en vrymaking en vergifnis en van die goedheid van onse God te verkondig *(Rom. 10:15)*.

---

9. GEESTELIKE OORLOGVOERING

Satan, ons is nie onbekend met jou planne nie *(2 Kor. 2:11)*, ons ken jou strategieë en ons vat ons geestelike wapens wat kragtig is om vestings neer te werp *(2 Kor 10:4)*.
Deur onse God verbreek ons jou planne nou *(2 Kor. 10:5)*.
Ons verwar jou planne *(Jes. 19:3)* en die goddelike planne van onse God in Jesus Christus se naam word nou uitgevoer in ons lewens.

Verder, ons wapens is kragtig deur onse God om elke skans wat die vyand opwek teen die kennis van God neer te werp *(2 Kor. 10:5)*.
Satan, jy sal nie langer die mense verblind nie, jy's die god van hierdie wêreld en verblind die sinne van die mens *(2 Kor. 4:4)*
Maar ons sê vir jou, jy het geen reg nie. Deur ons geestelike wapens ruk ons jou skanse af, mense se geestelike oë gaan oop, hulle harte, hulle ore gaan oop *(Luk. 24:31)* en die waarheid maak hulle vry *(Joh. 8:32)*.

Verder is die wapens kragtig, deur onse God, kragtig om ons mense se gedagtes gevange te neem tot gehoorsaamheid aan die lewende Christus *(2 Kor. 10:5)*.
Weer sê ons satan, die bloed van Jesus is teen jou, ons is losgekoop *(Open. 12:11, 1 Pet. 1:18&19)*, ons sal goddelike, Heilige Gees- gedagtes bedink en ons sal.

Verder is ons wapens kragtig deur onse God om elke gees van ongehoorsaamheid te bestraf en ons maak los 'n gees van gehoorsaamheid in ons lewens *(2 Kor. 10:6)*.

---

10. OORLOGVOERING

Verder, Vader, wil ons die gebed bid wat Jabes gebid het *(1 Kron. 4:10)*.
Here, ons bid, sal U ons genadiglik seën, gee ons genade dat ons so sal lewe dat ons seënbaar is, deur geloof.

In die evangelie van Jesus is ons nou eenmaal die geseëndes van die Here *(Gen. 26:29)*, maar ons bid Here, seën ons, want dit is die seën van die Here wat ryk maak, wat voorspoed en lewe bring *(Spr. 10:22)*.

Vat ons aan die hand Here, want Here as U, U hand toemaak, vergaan alles, maar as U U hand oopmaak word alles versadig *(Ps. 145:16)*.
Verder bid ons Vader, soos hy gebid het, sal U asseblief onheil afweer sodat geen smart ons tref nie *(1 Kron. 4:10)*.

Dat ons die heil van die Here sien. U is die God wat die onheil afweer. U het gesê geen plaag of geen onheil sal naby ons kom nie *(Ps. 91:10)*, maar U sal ons U heil laat sien *(Ps. 91:16)*.
Ons lees in U woord dat U het dit **vir hom (Jabes)** laat kom, Vader, in Jesus Naam, tot U laat dit vir ons ook kom, Vader, tot U eer *(1 Kron. 10:4)*.

Verder bid ons, sal U asseblief ons grondgebied vergroot *(1 Kron. 4:10)*, ons bedieninge, ons werk, ons besighede. Vergroot ons grondgebied, ons invloed, ons gesag. Omdat die Here dit bewerk, daarom het ons die hand van die Here wat vir ons oomblik vir oomblik voorsien, die hand wat ons lei, tree vir tree *(1 Kron. 4:10)*.

PROKLAMASIES

Jes. 53:5 - Jesus Christus het ons straf gedra sodat ons sy vrede kan hê

2 Kor: 5:21 - Jesus Christus het ons sonde op Hom geneem sodat ons die geregtigheid van God kan wees

Gal. 3:13 - Jesus Christus het 'n vloek geword sodat ons die geseëndes van God kan wees

2 Kor. 8:9 - Jesus Christus het arm geword sodat ons ryk kan wees

Jes. 53:5 - Deur Jesus Christus se wonde kan ons gesond wees

Rom. 5:17 - Veel meer sal ons wat die gawe van geregtigheid en oorvloed van genade ontvang het, in hierdie lewe heers deur Jesus Christus

Gen. 17:2, Gal. 3:29 - God het 'n verbond van buitengewone vermeerdering met Abraham gesluit en daarom is ons ook in Christus geregtig daarop

Job 1:10 - God het Job van alle kante beskerm en die werke van sy hande
geseën en daarom sal hy ook vir ons van alle kante rondom beskerm en die werke van ons hande seën

1 Sam. 2:26 en Luk. 2:52 - Net soos Samuel en die seun Jesus in guns en statuur toegeneem het by God en die mens, so sal ons ook in guns en statuur toeneem by God en die mens

Hos. 6:3 - As ons najaag om die Here te ken, sal Hy na ons deurbreek so seker soos die dagbreek en die laat somerreëns wat die aarde besproei

Ps. 35:27 - God het 'n welbehae in die voorspoed van sy kinders

Jer. 29:11 - Die planne wat God vir ons het, is planne van voorspoed en nie teenspoed nie, om vir ons 'n hoopvolle toekoms te gee

Deut. 28:12-13 - God maak ons die kop en nie die stert nie, ons gaan net boontoe en nie ondertoe nie, ons gaan vorentoe en nie agtertoe nie, ons sal geld uitleen maar self sal ons nie leen nie

Ps. 18:29 - Met my God loop ek 'n bende storm, met my God spring ek oor 'n muur

Rom. 14:17 - Die koninkryk van God gaan nie oor wat ons eet of wat ons drink nie, maar oor geregtigheid, vrede en vreugde in die Heilige Gees

Jes. 60:20 - Jou son sal nie meer ondergaan nie en jou maan nie kleiner word nie, want die Here sal vir jou 'n ewige lig wees en die dae van jou treurigheid is verby

Jes. 61:10 - Ek is baie bly in die Here, my siel juig in my God, want Hy het my beklee met die klere van heil en my in die mantel van geregtigheid gewikkel

1 Joh. 3:23 - Dit is sy gebod, dat ons in die Naam van sy Seun, Jesus Christus, moet glo en mekaar liefhê soos hy ons die gebod gegee het

Hand. 27:25 - Ek glo God, dit sal wees soos Hy vir my gesê het

Jes. 54:17 - Geen wapen wat teen jou gesmee word sal enige iets uitrig nie. Hy wat jou aanval, sal oor jou val

Spr. 4:23 - Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit vloei die oorspronge van die lewe

Jes. 54:10 - Want berge mag wyk en heuwels mag wankel maar my goedentierenheid sal van jou nie wyk en my vredesverbond nie wankel nie, sê die Here jou ontfermer

Rom. 8:13 - Want as julle na die vlees lewe, sal julle sterwe, maar as julle deur die Gees die werke van die vlees doodmaak, sal julle lewe

Gen.1:25 - En God het gesê: "Laat ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis en laat hulle heers"

Jos. 10:12 - Joshua het vir die son gesê om stil te staan en daar was nog nooit 'n dag soos hierdie nie. Daardie dag het die Here gedoen wat 'n mens gevra het

Jes. 40:3 - Berei die weg van die Here

Afrika en Suid-Afrika sal gered word.

Fil. 2:12 - Werk jou eie heil uit met vrees en bewing

Matt. 12:35 - Uit die oorvloed van die hart praat die mond. Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart goeie dinge tevoorskyn en die slegte mens bring uit die slegte skat slegte dinge te voorskyn

Joh. 11:49-50 - Hy het geprofeteer dat Jesus vir die volk sal sterwe ... om die verstrooide kinders van God tot 'n eenheid saam te voeg

1 Petrus 2:5 - Laat julle ook soos lewende stene inbou, tot 'n geestelike huis

Miga 2:12 - Ek sal julle almal bymekaarmaak, Jakob (Woord en Lewe), Ek sal dié vergader wat van Israel oorgebly het, Ek sal hulle bymekaarbring soos skape in 'n kraal,soos 'n groot kudde in die weiveld,die wêreld sal dreun van mense.

Lukas 21:36 - Maar wees waaksaam en bid altyddeur dat julle die krag kan ontvang om deur al hierdie dinge wat gaan gebeur, behoue deur te kom en om voor die Seun van die mens te verskyn."

Psalm 121

1 Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom?
2 My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.
3 Hy kan jou voet nie laat wankel nie; jou ewaarder kan nie sluimer nie.
4 Kyk, die Bewaarder van Israel sluimer of slaap nie.
5 Die HERE is jou Bewaarder; die HERE is jou skaduwee aan jou regterhand.
6 Die son sal jou bedags nie steek nie, die maan ook nie by nag nie.
7 Die HERE sal jou bewaar vir elke onheil; jou siel sal Hy bewaar.
8 Die HERE sal jou uitgang en jou ingang bewaar, van nou af tot in ewigheid.